# *Die Geloof Van Abraham*

. . . staan net 'n oomblik vir 'n woord van gebed. Sal ons ons hoofde buig.

2 O Here, ons is dankbaar teenoor U vir nog 'n besoek aan die Angelus Tempel waar daar baie siele gered is in die vergange dae, en ons verwag as Jesus vertoef, dat daar nog baie gered sal word. Ons sien elke aand uit na diegene wat hulle weg na Gólgota maak om hiernatoe te kom. Ons dank U vir alles wat daardie einste ding gedoen het, en bid dat U hulle sal seën. En hou . . . U het gesê U sou hom in volmaakte vrede hou wie se gedagtes op U gevestig is.

3 Nou bid ons dat U die siekes sal genees vanaand soos ons vir hulle gaan bid. Mag U Gees op hulle wees om hulle moed en geloof te gee. En soos ons die Woorde lees vanaand en leer uit U Woord, mag Dit geloof gee aan die luisteraar. En mag die Sade val in goeie grond en honderdvoudig voortbring. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

4 Julle mag maar sit. Ek wil sê dat ek daardie klein koor waardeer wat gesing het net voor ek ingekom het, soos ek ook met al die sang; ek dink hulle is bo aan my linkerkant. Ek was op my pad soontoe, ek het na hulle geluister, en dit was regtig roerend, ek waardeer hulle regtig baie, baie. Mag die Here daardie kinders seën.

5 En ek het pas ingekom van die Pisgah Kerk af, of—of, ek dink dis miskien 'n huis. Dis oorkant iewers, ek—ek weet nie, ek kan nie aan al hierdie name hier dink nie. Maar ons het 'n wonderlike tyd gehad daar oorkant vanmiddag. En toe ek vertrek het, het die altare net volgepak gelê met berouvolle mense wat na die Here Jesus toe gekom het. Ek het gepreek oor die spoedige verskyning van die Here en die toestande waarin ons behoort te wees, die toestand waarin Sy Kerk behoort te wees om reg te wees vir Sy Koms. En die Here het ons geseën.

6 En nou, moenie Saterdagoggend die Christen Sakemanne se ontbyt vergeet nie; en as jy—jy nie daar is nie, skakel in, ons het 'n uitsending.

7 Dis baie besig met tye en oproepe wat van oral oor die seë kom, vanaf die verskillende dele van die wêreld, soos julle weet hoe dit is. Ek dink vanmôre by die plek waar ek bly, was daar twee-en-twintig oproepe voor tienuur van buite af. Soveel van hulle is vir dienste, maar soos julle weet, die tyd is opgeneem, en dit sal volgende lente wees voor ek nog enige tyd oop het. En so ons net . . . Wens dat ek in elke plek kon wees, maar ons kan dit nie doen nie; en God het ander dienaars oral wat net gemaak is vir daardie plekke.

8 Iemand sou, ’n tyd gelede, vir my ’n groot offerande gee, hy het gesê dit was ’n tiende, maar dit was te veel vir my, en ek het vir hom gesê ek sal nie so ’n offerande aanvaar nie. Hy het gesê: “Maar Broer Branham, ek moet dit vir jou gee,” gesê: “dis tiendes.”

Ek het gesê: “Wel nou, as dit tiendes is, gaan dit na God se Kerk toe.”

Hy het gesê: “Dis reg.”

En ek het gesê: “Wel, as die Here jou daardie tiendes gegee het, het Hy mense iewers om dit voor te gee, hulle is almal buite op die veld, oral.”

9 Wanneer ek weet van sendelinge wat op die veld preek sonder skoene, twee maaltye per week, kan ek self sonder iets klaarkom; en ek dink ons kan dit almal doen om daardie arme broers te help wat stry vir die saak van Christus.

10 Nou, ons het ’n paar wonderlike getuienisse wat inkom, terwyl ek daar by die kerk was vanmiddag, ek reken ons het omtrent gehad, ingeskakel, dertig of veertig versoeke vir gebede, en getuienis wat ingekom het, en hulle het briewe gehad van oorsee waar ons in Jamaika was en verskillende plekke, hoe die Here genees.

11 Nou, vriende, soos almal dit weet: dat ek nie ’n geneser is nie, ek kan niemand genees nie, en ek—ek glo nie, Skriftuurlik, dat daar enige mens is wat dit kan doen nie, ek glo dit net nie. Die enigste ding: ek bid vir die siekes, en die Here het baiekeer gebed vir my beantwoord, en dis net omtrent al wat ek daarvan weet. Ek bid net, en die Here antwoord gebed. En dis . . . Ek’s so dankbaar vir wat Hy gedoen het, in die wete dat ek self siekte gehad het, en baie daarvan, en om te weet wanneer die Here Jesus afkom en my genees, hoe ek dit waardeer. En ek weet dit word waardeer deur Sy kinders wat ly wanneer Hy gebed sal beantwoord.

12 En dis al wat ons weet om te doen, is om vir die siekes te bid, want ons kan nie genees nie. Volgens my manier om daarna te kyk, is dit iets wat alreeds gedoen is. Wel, dis net soos jou verlossing, dit is vir jou gekoop op Gólgota. Al die sondes van die wêreld, alle sondes is vergewe toe Jesus daardie hoogste offer op Gólgota gemaak het toe Hy gesterf het vir die sondes van die wêreld.

13 Alle sondes is vergewe, nou moet jy net jou vergifnis aanvaar. Dis jou persoonlike geloof in die voltooide werk van die Here Jesus se algenoegsame offer op Gólgota vir jou. Daarom het die Skrif gesê: “Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom.” *Het*, dis verlede tyd. En as ek iemand se sondes kon vergewe . . . Nou, as jy teen my sondig, kan ek jou vergewe, maar as jy teen God sondig, is dit jou alreeds vergewe, as jy dit sal aanvaar.

14 Maar nou vir genesing, dis net God se genade dat Hy: "Deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom." Nou, eers sê die Woord so, dit behoort genoeg te wees, maar as jy dit nie in die Woord glo nie, dan is daar gawes in die Kerk, soos manne wat geïnspireerd is om te weet hoe om dit te onderrig, wat dit so duidelik sal maak vir julle, dis, en geloof om te glo. Gebed vir die siekes, net soos vir die sondaar. En dan is daar ander gawes in die Kerk, soos profesie en verskillende gawes.

15 Nou, daar's vyf ampte van die Kerk: Sendelinge of apostels (albei dieselfde), profete, leraars, pastore, en evangeliste. God plaas hulle in die Kerk, en hulle moet almal die Kerk stig.

16 Nou, ek het elke aand gepreek vir omtrent, hierdie is die tweede week, en gisteraand het ek aangekondig dat ons vanaand die posisie sou verander. Nou, ons het gebedskaartjies uitgegee, die siekes hier opgeroep, deur die ry gegaan, en die Heilige Gees wat elke geval aand-na-aand openbaar, hulle uit rolstoele uitroep, uit draagbare en beddens; dan nie enige gebedskaartjies uitgee nie, hulle reguit uit die gehoor uitroep sonder gebedskaartjies, hulle alles vertel van wie hulle was, selfs gepraat in ander tale en buitelanders vertel wie hulle was en waar hulle vandaan gekom het, alles van hulle toestande. Dit alles het nooit enige van hulle genees nie, dit was hulle geloof in die Teenwoordigheid van Christus, dis hulle geloof om te aanvaar wat Christus gedoen het. Toe het ons dit duidelik probeer maak dat ons allerhande soorte herlewings gehad het, maar dit vind ons in die Skrif om die laaste teken te wees wat die Kerk ooit ontvang, volgens die Skrif. Sien? Ons het genesingsveldtogte gehad, en ons het allerhande soorte groot dinge gehad, maar dis altyd die laaste teken.

17 Nou, met die afsluiting op Saterdagaand of Vrydagaand van my drie-aand onderwerp van lering, Abraham, sal julle uitvind daardie teken is vir Sodom en Gomorra gegee net 'n paar uur voor dit gebrand het. Dit is aan die Jode gegee net voor die Evangelie van die Jode na die Heidene gedraai het, dit is aan die Samaritane gegee, maar nooit aan die Heidene nie, en Christus wat belowe het dat dit vir die Heidene sou wees aan die eindtyd met so 'n straf daarvoor vir een Woord daarteen, sou nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie, dit sou die laster van die Heilige Gees wees.

Nou vanaand wil ek graag 'n stukkie lees uit die Boek van Romeine, net vir 'n agtergrond, Romeine die 4de hoofstuk en die 17de vers:

> *(Soos geskrywe is, Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak,) voor die aangesig van God,* wie*. . .geglo het, wat die dode lewend maak, en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.*

Kan die volgende vers lees:

*Hy wat teen hoop op hoop geglo het, dat hy vader sou word van baie volke; volgens wat gesê* is van jou Saad, *So sal* dit *wees*.

18 Nou, waaraan ek gedink het, dat dis. . .Ek het dit gekies vir drie aande, nie vir preek nie, maar lering, sodat die kerk die Skrifte en die beloftes kon aangryp.

19 Want na al die groot dinge wat die Here gedoen het, sien ek steeds drie rolstoele hier sit en twee beddens. Nou, ek weet nie, hierdie mag van hulle eerste aande wees, ek weet nie. Maar dit behoort nie so te wees nie, hulle behoort gesond te wees. Daar's geen rede waarom een persoon uit 'n rolstoel kan kom, en die ander een daar sit nie; dis nie soos ons Hemelse Vader om sulke dinge te doen nie. Dit is nie reg dat daardie vrou vir ons daardie brief kon skryf, van daardie groot kankers wat buite aan haar sy gehang het en binne ses of agt uur was hulle weg, en 'n beroemde dokter hier in die stad het gesê hy het nog nooit so-iets in sy lewe gesien nie. Dit is nie regverdig dat julle kinders siek sou wees nie, en klein Ricky hierbuite, Los Angeles se grootste kankergeval, opgegee deur al die goeie dokters, en hulle hom hier na die platvorm toe gebring het normaal en gesond nie. Daar's—daar's geen rede waarom ons nie almal genees kan word nie, want Jesus het daardie prys betaal dat ons almal genees kon word.

20 So wat, ek het hierdie drie aande geneem om soort van my tyd te neem en hierdie Skrifte te verduidelik dat julle die Skrif mag aangryp, sodat julle nie sal sien dat dit enigiets is wat die mens kan doen nie, dis iets wat God vir jou doen wanneer jy glo wat Hy vir—vir jou gedoen het, wanneer jy aanvaar wat Hy gedoen het.

21 Nou, rede waarom ek Abraham gekies het, omdat die belofte aan Abraham gemaak is, ons weet dit almal. God het verbonde gemaak met die mens en die mens verbreek altyd sy verbond met God. So in die geval van Abraham, het God die verbond met Homself en Abraham onvoorwaardelik gemaak. Julle weet Hy het vir Adam gesê, in die Adamverbond: "As julle nie *dit* sal doen nie, en as julle *dat* sal doen," Adam het reguit omgedraai en dit gebreek. Maar in Abraham, was dit nie: "As jy enigiets doen," nie. Dis: "Ek *het* gedoen." Dis alreeds verlede tyd. Abraham het niks daarmee te doen gehad nie, Dit was God wat dit gedoen het.

22 En nou, wil ek hê julle moet hierdie drie aande oplet soos ons deurgaan, dit was nie net aan Abraham nie, maar dit was aan Abraham se Saad, Abraham se kinders. Die verbond is gemaak met Abraham *en* sy kinders.

23 "Wel," sê julle: "dit sou Jode wees."

24 Nee, ons wat in Christus is, ons neem Abraham se Saad aan en is erfgename saam met hom volgens die belofte. Ons is Abraham se Saad as ons dood is in Christus, word ons Abraham se Sade en is erfgenaam volgens die belofte. Daarom dat elke

persoon wat wedergebore is uit die Heilige Gees, waarlik gebore, nie net gedink het hulle is gebore nie, nie deur een of ander emosie gegaan het nie, nie deur een of ander sensasie gegaan het nie, maar waarlik gebore was, hulle kan al die emosie, sensasie daarmee saam gehad het, maar jy kan die sensasie en emosie gehad het en nie gebore wees nie, maar hulle wat gebore is uit die Gees van God, is Abraham se Saad, nie *sade* nie, maar *Saad*, die beloofde Saad, want dis deur Christus wat die Seun van Abraham was.

25 As julle dit kan begryp: Dan as ons Abraham se Saad is, moet ons die geloof van Abraham hê. En die Bybel het gesê hy was soos God, dat hy daardie dinge wat nie was nie, genoem het asof hulle was omdat God so gesê het.

26 Nou, ek wil hê julle moet oplet van die begin af . . . Nou, ons sal net die hoogtepunte moet neem, want ons het omtrent agt of tien hoofstukke hier vir drie aande, net om vlugtig oor te gaan, maar luister goed en probeer die Heilige Gees begryp. Nou, as jy in Christus is, is jy Abraham se Saad, 'gevolg van die belofte van Isak, en deur Isak het Christus gekom, deur Christus is alle nasies, Abraham die vader van al die nasies gemaak. En dan as julle in Christus is, word julle Abraham se Saad, en is julle erfgename saam met Abraham.

27 En die belofte is aan Abraham gemaak, nie omdat hy 'n groot man was, of nie omdat hy 'n—'n godsdienstige man was nie, maar dit was deur God se voorkennis, deur uitverkiesing dat Hy Abraham gekies het. God het jou gekies, jy het nooit vir God gekies nie, God het jou gekies. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers trek nie."

28 Soveel mense sê: "O, ek het na God gesoek, ek het na God gesoek." Dis 'n fout. Jy soek nie na God nie, God soek na jou. Die mens het bewys wat hy was in die tuin van Eden toe hy weggehardloop het van God af. In plaas van om God te vind om sy fout te bely, het hy God die heeltyd verlaat, weggekruip, vir homself vyeblaarvoorskote gemaak en in die bosse weggekruip. Dis net soos die mens vanaand is, in plaas van om te bely julle is verkeerd, selfs 'n klomp van julle kerklidmate, in plaas van reguit uit te kom en te sê: "Nee, ek het net nie die geloof nie, ek het 'n nader wandel met God nodig." Sê julle: "O, ek behoort aan die *So-en-so* 'n kerk. Ek's Baptis. Ek's Pinkster. Ek's Presbiteriaans."

29 Dit beteken nie een ding nie, jy moet 'n kind van God wees deur 'n nuwe geboorte, deur Jesus Christus. En dan, wanneer jy is, het jy die geloof wat vader Abraham gehad het. En Abraham het enigiets teenstrydig met God se belofte genoem asof dit nie was nie. Hoe is dit? As God 'n belofte maak, het Abraham gesê: "Enigiets teenstrydig daarmee is 'n leuen, ek glo dit nie." En dan sê ons ons is Abraham se Saad, en betwyfel enigiets wat God gesê het, glo nie in wonderwerke nie, glo nie in Goddelike genesing

nie, glo nie in die gawes van die Gees nie, sê dan ons is Abraham se Saad.

30 Ek wil dit nogal sterk maak, ek probeer nie mense bestraf nie, maar ek's. . . Ek. . . julle—julle. . . Wanneer jy 'n spyker in 'n plank inkap, moet jy dit omklink as dit moet hou. En jy moet die ding laat hou, want die uur is hier waar jy reg of verkeerd moet wees. En ons kan 'n uitstorting hier hê in die Angelus Tempel hierdie volgende aande wat kom wat 'n herlewing regoor hierdie land sou laat begin, maar ons kan dit nie doen op 'n halfpad, opgewerkte, emosionele geloof nie, dit moet iets egs wees. Ek dink dit was Abraham Lincoln wat eenkeer gesê het: "Jy kan sommige van die mense partymaal mislei, maar nie al die mense die heeltyd nie." En jou emosies bewys, en jou aksies bewys wat jy is en wat jy glo.

31 In die Bybel het Jakobus Abraham geregverdig deur wat hy gedoen het, Paulus het hom geregverdig deur geloof; maar Paulus het gepraat van wat God gesien het, en Jakobus het gepraat van wat die mens gesien het. Maar die manier wat jy optree, bewys wat jy glo, as jy sê jy glo God, tree dan so op, laat dit oorgaan tot aksie, staan op en begin dit doen. Dis baie rof, is dit nie? Maar dis die waarheid. Jou—jou dade bewys wat jy is. Soos my vrou altyd gesê het: "Dade spreek harder as woorde." Jy kan heelnag op-en-af spring en skree, en dan murmureer teen een van God se beloftes, dit *bewys* wat jy glo.

32 Nou, Abraham se belofte van God en Abraham se Saad, dit was alles aan. . . die belofte is net soveel aan die Saad as wat dit aan Abraham, onvoorwaardelik gegee, was. O, ek hou daarvan! Dit het 'n klein Calvinistiese klankie daaraan, maar kyk, ek glo in Calvinisme solank dit in die Bybel bly, maar wanneer hy uit die Bybel uitkom, dan glo ek nie daarin nie.

33 Onthou, die belofte was, Abraham, solank hulle in hulle land gebly het, was die belofte onvoorwaardelik aan hulle, maar toe hulle uit die land uitgegaan het, was die belofte nie meer nie. En die belofte is aan julle, solank julle in julle verbond bly by Christus, maar gaan julle daaruit, is julle. . . dit hang van julle af, maar solank as wat julle daarin bly, sal God julle hou.

34 Nou, as 'n Baptis, of wat was, ek—ek's nog steeds 'n Baptis, solank Baptis in die Bybel is, maar ek glo in Ewige Sekuriteit solank Christus jou sekuriteit is. Ek glo hierdie gebou hier is gemaak om jou uit die reën uit te hou, solank ek in die gebou is, is ek beskerm teen die reën, maar wanneer ek opsetlik uitstap, is dit, is ek op my eie. En solank jy in Christus is, is Christus jou sekuriteit, maar as jy wil uitgaan in die wêreld, is jy afvallig. Dis 'n groot woord vir 'n Baptis om te sê, is dit nie? Maar ek glo beslis jy kan afvallig raak. Ons weet dit.

35 Maar die kinders van Abraham het die belofte. Nou kyk, Abraham was net 'n gewone man, het miskien uit 'n—'n familie

van afgodery gekom, ‘want hulle het afgekom van Babilon af, die land van Sinear waar hulle allerhande soorte verskillende goed en wortels, ensovoorts aanbid, en allerhande soorte *ismes* gehad het. Daardie geeste van destyds in Génesis lewe steeds vandag, dis wat hierdie sektes, ensovoorts, maak. As julle sal teruggaan in Génesis, as enigiemand ooit Hislop se *Twee Babilons* gelees het, of van die antieke historici, sal julle die aard van ’n klomp van hierdie sektes vandag sien wat daar in die land is, die aard van hulle is ver terug in die begin in Génesis.

36 En die aard van God beweeg vandag steeds voort, net soos die vals goed en die regte goed, hou die aard daarvan dop. Nou, as jy die aard van die Gees van God is wat op Abraham was, dan glo jy God se beloftes; en as jy nie daardie Gees op jou het nie, dan sal jy God bevraagteken.

> Maar Abraham het nie eens gelet op *sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was*...*of die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie:*
>
> *Hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie; maar was sterk*...*het God* geprys*;*

37 Nou, wanneer...En as jy Abraham se Saad is, dink jy op dieselfde manier; selfde soort van ’n...jy’s die geaardheid van jou vader.

38 Nou kyk, toe Abraham, net, kom ons neem sy lewe vir ’n paar oomblikke, hier kom hy, hy’s net ’n gewone man, hy het in die stad Ur gewoon, die land van...onder die Chaldeërs in, en net ’n gewone man, en, maar God het, deur voorkennis, Abraham se hart geken, dis waarom Hy vir Abraham geroep het.

39 As jy ’n Christen is, is dit hoekom Hy jou geroep het, Hy het jou voorafgeken, die Skrif sê so, Efésiërs 1—1 en 5: “God het ons geken en ons verordineer voor die grondlegging van die wêreld.” Hy het elke gees geken, Hy’s oneindig, Hy het geweet wie sou en wie sou nie. En as Hy jou geroep het, en jy weet Hy het jou geroep, waarom die duiwel jou laat rondstoot? Dis al wat jou keer om volmaakte oorwinning te hê.

40 Dis wat fout is met die kerk vanaand, hulle is geroep deur God, ek glo hulle is, maar die duiwel maak net ’n marionet van hulle om hulle rond te stoot van plek tot plek. Weerstaan hom en konfronteer hom met die Skrif.

41 Jesus het die oplossing gegee vir die swakste Christen om die duiwel te verslaan. Toe die duiwel Hom ontmoet het, wel, Hy was God: “God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen.” En Hy het al die kragte van God gehad wat in Hom was. “In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon.”

42 Wanneer mense vandag probeer wegkom daarvan, hulle het so ’n punt bereik vandag dat hulle Christus net ’n filosoof of een of ander soort profeet probeer maak; Hy was meer as ’n profeet,

as Hy net ’n profeet was, is ons in sonde. Hy was óf God óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het. Hy’s God.

43 ’n Vrou het vir my gesê nie lank gelede nie, sy het gesê: “Broer Branham, ek hou daarvan om jou te hoor praat, maar jy maak vir Jesus Goddelik.”

Ek het gesê: “Hy was Goddelik.”

Sy het gesê: “Ek sal dit met jou eie Bybel bewys dat hy nie Goddelik was nie.”

Ek het gesê: “Ek wil sien dat jy dit doen.”

En sy het gesê: “Johannes die 11de hoofstuk, toe hy na Lasarus se graf toe gegaan het, het die Bybel gesê hy het geween. En hy kon nie Goddelik wees en ween nie.”

44 Ek het gesê: “Jou argument is dunner as die sop wat gemaak is van ’n skaduwee van hoender wat dood is van die honger.” Ek het gesê: “Jy weet beter as dit.” Ek het gesê: “Hy was ’n man toe Hy afgegaan het na die graf van Lasarus, geween het, maar toe Hy daardie klein, swak liggaampie van Hom bymekaar gemaak en gesê het: ‘Lasarus, kom uit,’ en ’n man wat al vier dae dood was op sy voete gestaan het, was dit meer as ’n man.”

45 Hy was ’n man toe Hy van die berg afgekom het daardie aand, honger, iets wou hê om te eet, Hy was ’n man, honger, maar toe Hy vyf broodjies en twee vissies geneem en vyfduisend gevoed het, was dit meer as ’n man, dit was God in die man.

46 Toe Hy op daardie kussing agter in daardie boot gelê het die nag, toe tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sou Hom verdrink, ou bootjie wat rondgeslinger is soos ’n bottelprop daarbuite, en elke vlaag. . .van wind, het die duiwel gesê: “Ek sal hom op die volgende deining kry,” Hy was ’n man wat daar lê en slaap het, maar toe Hy opgestaan het en Sy voet op die rand van die boot gesit, opgekyk en gesê het: “Swyg, wees stil,” en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was dit meer as ’n man, dit was God wat in Sy Seun gespreek het. “God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen.” Dis waar.

47 Hy het bewys aan die kruis, toe Hy daar om hulp geroep het, was Hy ’n man, maar op Paasoggend, toe Hy die seëls gebreek en die duiwel, dood, hel, en die graf oorwin, en weer opgestaan het, het Hy bewys Hy was God. Geen wonder die digter het gesê nie:

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy
> my gered,
> Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
> Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig:
> Eendag kom Hy—o, glorieryke dag!

. . .*God was in Christus, om die wêreld* met *Homself te versoen,. . .*

48 God het Abraham geroep, net omdat hy ’n man was wat Hy kon vertrou en hy het Hom geglo, en vertroue in hom gestel, en hy het vir hom gesê, hom geroep op die ouderdom van vyf-en-sewentig. En hy was getroud met sy halfsuster, Sara, en sy was vyf-en-sestig; daar was tien jaar verskil in hulle ouderdom. En God het vir Abraham gesê dat Hy hom ’n vader van nasies sou maak. Hy het saam met sy vrou gelewe vandat sy omtrent agtien jaar oud was, en hier is sy vyf-en-sestig en hy vyf-en-sewentig, omtrent twintig jaar verby menopouse, en Hy het gesê: “Ek gaan jou ’n vader van nasies maak.” Hoe gaan Hy dit doen? Wat kan gebeur? Maar Abraham het nooit—nooit daaraan getwyfel nie, hy het net God geglo.

49 Let op, ek kan die ou paartjie sien, kon. . .uitgaan, gereedmaak, Abraham wat dorp toe gaan en die spelde en die voël-ogie materiaal koop, en al die kousies wat gemaak word en alles, gereedmaak daarvoor. Dan noem julle julleself Abraham se kinders, sit agteroor: “Ek sal die volgende gebedsry probeer. Die volgende kêrel wat deur die dorp kom en Goddelike genesing preek, ek sal kyk of ek in sy ry kan kom.” Dis nie kinders van Abraham nie! Abraham se kinders glo God se belofte en staan daarop.

50 Let op, wat dink julle ’n ou paartjie, dit hieronder gebeur het, Los Angeles, as ’n ou man, vyf-en-sewentig jaar oud, krom in sy rug, ’n ou vrou, vyf-en-sestig jaar oud, na die dokter toe sou gaan, en sê: “Dokter, ons wil reëlings tref vir die hospitaal, ons gaan ’n baba kry”?

Weet julle wat sou gebeur? Hulle sou sê: “Hou die arme ou kêrel dop, hy’s soort van van van sy kop af.”

51 En almal wat godvrugtig lewe in Christus Jesus, hulle sal dieselfde ding van julle sê, as kanker jou het of een of ander siekte, en jy sê: “God is my Geneser.” Dis egter Abraham se kinders, hulle staan op God se belofte. God het so gesê, dis die einde daarvan.

52 “Wel, jy’s te oud, jou vrou is twintig jaar verby menopouse, man.”

“Ek gee nie om of sy ’n honderd jaar verby menopouse is nie, ons gaan die baba kry.”

“Hoe weet jy?”

“God het so gesê, dis die einde daarvan. God het so gesê.”

53 Maak nie saak hoe belaglik dit klink nie, as God so gesê het, goed. God maak dit belaglik. Alle geloof is belaglik vir die ongelowige; geloof is net ’n werklikheid vir God en die een wat dit het. Ongeloof stop God nie, dit hinder nie God se planne nie, dit hinder nie God se Woord nie, dit skaad Dit nie, dit ruïneer hulle nie, dit ruïneer net die een in ongeloof, dit ruïneer net die ongelowige, nie God nie. God se beloftes sal net presies so vervul

word. Jy breek net jou kop om daarvan te probeer wegkom. Dit stop God nie, beslis nie, Sy belofte is gemaak, Sy Woorde is daar. Al die ongeloof wat jy bymekaar kan skraap, sal dit nie stop nie.

54 Neem jou ongeloof en keer dat die son opkom, probeer keer dat reën val met jou ongeloof, God sal dit doen, in elk geval, want dis in God se plan, dis God se program. En Hy sal elke siek persoon genees wat Sy Woord daarvoor sal neem, dis Sy program, Hy het so gesê: "Ek is die Here wat al jou krankhede genees."

55 Nou, Abraham, wat vyf-en-sewentig jaar oud was, na hierdie belofte gemaak is, gelewe het saam met sy vrou vir al hierdie jare, vandat sy omtrent sewentien of agtien jaar oud was, want sy was sy halfsuster, en hulle was al hierdie jare getroud. En ek kan hulle sien na die eerste maand, hy sê: "Hoe voel jy, Sara?"

"Geen verskil nie."

"Prys God, ons gaan dit in elk geval kry. Baba is op pad, in elk geval."

56 Tweede maand het verbygegaan: "Hoe voel jy, Sara?"

"Geen verskil nie."

"Halleluja! Ons gaan dit in elk geval kry."

"Hoekom?"

"God het so gesê, dis die einde daarvan."

57 Die eerste jaar het verbygegaan: "Wat daarvan, Sara?"

"Geen verskil nie."

"Wel, glorie! Ons sal dit in elk geval kry."

58 Nou, as ons—ons nie genees word die heel eerste oomblik wat God. . .iemand vir ons bid, ons die belofte neem nie: "Wel, jy weet, ek weet nie of ek in Goddelike Genesing glo of nie." Jy is 'n swak plaasvervanger vir Abraham se kinders. Dis reg. Abraham se Saad, as jy in Christus is, is jy Abraham se Saad, en glo jy elke belofte wat God gemaak het as die waarheid, Abraham se Saad.

59 Tien jaar het verbygegaan: "Hoe voel jy, Sara?"

"Geen verskil nie."

60 "Wel, glorie! Dit gaan groter as ooit wees, jy's tien jaar ouer." Langer dit getalm het, hoe groter sou die wonderwerk wees. "Prys die Here," het hy gesê: "Ons gaan dit in elk geval kry. Hou net die klein skoentjies blinkgevryf, hou al die spelde. . . die roes van hulle af, want ons gaan hulle gebruik. God het so gesê."

61 Wel, dis teen die natuur, dis teen al die etiek, dis teen die—die mediese wetenskap, dis teen alles, maar alles. . . dit is nie teen God se Woord nie, want God het so gesê, dis al wat nodig is.

62 Sê: "Wel, Broer Branham, ek was by Mayo's kliniek."

Ek gee nie om na hoeveel klinieke toe jy was nie, as jy kan glo dat hierdie belofte aan jou is, is dit joune. Hoekom? God het

so gesê. “Wie ook al wil, laat hom kom.” Dis joune, jou belofte. As julle die kinders van Abraham is, glo julle dit so.

63 Ek dink wat die Pinksterwêreld vandag nodig het, is ’n altaar-oproep. Dis waar. Kom na God toe en sê dis so. Maak nie saak, enige verskil wat wetenskap sê en wat enigiets anders sê, as dit teenstrydig is met God se belofte nie, God sal Sy belofte vervul, Hy het gesê Hy sou dit doen.

64 Abraham het alles begin gereed maak. Sekerlik. “Hou dit gereed, Sara.”

“Wel, Skat, ons het tien jaar gewag.”

“Dit maak nie saak nie.”

65 Vyf-en-twintig jaar. “Hoeveel anders, Sara? Is daar enige verskil?”

“Nie enige verskil nie.” Nou, is sy ’n *ou* ouma.

“Wat nou daarvan?”

“Geen verskil nie.”

“Wel, halleluja! Ons gaan dit in elk geval kry, God het so gesê.” Dis die einde daarvan, God het so gesê.

66 En ons is Abraham se kinders en kan nie glo vir ’n gewone maagpyn nie. En dis die waarheid, en ons noem ons . . . Verskoon daardie uitdrukking, asseblief. Maar ons . . . Dis reg, vir ’n tandpyn. “O, Goddelike genesing is ’n ding wat verby is. O, ek weet God het dit belowe, maar, jy weet, dis vir ’n ander dag.” Dit is nie vir ’n ander dag nie, solank God kinders het wat in die Koninkryk inkom, is die belofte aan “wie ook al wil.” Abraham was die vader van nasies, Heidene, Jood, Chinees, Japanese, wat dit ook al mag wees.

67 Wie ook al gebore is uit die Gees van God, is God s’n, en jy het ingekom deur die belofte deur die verbond wat God aan Abraham gemaak het deur te belowe dat Hy Christus sou stuur, en as jy in Christus is, is jy deel van daardie verbond en die beloftes.

68 Jy sê: “Ek’s nie waardig nie.”

Abraham was ook nie, niemand is waardig nie. Dit is nie hoe waardig jy is nie, dis wat God jou belowe het.

69 Ek is nie waardig om hierbo te staan nie, maar Hy het my geroep om dit te doen; jy’s nie waardig om ’n Christen te wees nie, maar God het jou een gemaak. Hierdie tempel is nie waardig om op hierdie grond te staan nie, maar God het dit hier gesit. Dis reg. Dis nie wat jy is nie, dis wat Hy is.

70 Almal kyk altyd na hulleself. Wel, jy kan nie na jouself kyk en êrens kom nie, jy’s gedaan van die begin af, jy’s ’n mislukking van die begin af, daar’s niks aan jou van die begin af nie, dis wat God jou gemaak het, is wat jy is.

71 Onder die ou verbond, wat as 'n muiltjie een aand buite in die weiveld gebore sou word, en wanneer daardie muiltjie gebore is, sou hy omdraai, en sy mammie sou na hom kyk, en sy ore sou druip? Weet julle wat 'n druip-oor muil is? As 'n boer, is daardie muil nikswerd. En hy's skeel, sy knieë klap teen mekaar, sy stert steek reguit in die lug op. Wel, hy lyk na die verskriklikste gesig wat jy al ooit gesien het. Daardie kêreltjie kan omkyk na sy mamma, sê: "Wel, ek sal nie kan lewe nie. Nee, meneer. Want sodra die meester hier uitkom, sal hy my oor die kop slaan, want ek is niks werd nie."

72 Dis net omtrent soos elkeen van ons. Maar sy moeder, goed onderrigting in die Woord van God, sy sou sê: "Wag 'n bietjie, Skat. Nee, nee, jy's onder 'n geboortereg gebore. Wanneer die man van die huis uitkom, sal hy na die weiveld gaan en die volmaakste lam soek wat hy het, die hoëpriester sal jou nooit sien nie, hy sal die lam sien, hy sal jou nie ondersoek nie, hy sal die lam ondersoek, want jy's onder 'n geboortereg gebore, die lam moet vir jou sterf."

73 Nou, kyk jy na Jesus en vind enige fout in Hom; moenie na jouself kyk nie, kyk na Hom. Moenie kyk wie jy is nie, kyk Wie Hy is; dan sal jy naby kom aan Goddelike genesing. Ondersoek jou Offerande, as jy enige fout Daarin kan vind, wel, dis—dis anders, dan het jy 'n reg om nie te glo nie, maar daar's geen fout in Hom nie. God kyk nie na jou nie, Hy het na die Offer gekyk.

74 Daar was 'n volmaakte Een wat vir ons gebreklikes gesterf het, ons wat misvorm is, en onsedelik, en lelik, en alles, maar Hy het die volmaakte Een geneem en Hom deeglik ondersoek: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het." Hy was die Offer, God het Hom aanvaar, so ons s'n is verby, al wat ons moet doen, is wandel in genade.

75 Wel, daardie muiltjie kon net daardie hakke opskop en daardie knietjies teen mekaar kap, en runnik, en regoor die veld gaan, want hy's vry, hy hoef nie te sterf nie, 'n lam het vir hom gesterf, hy's heeltemal veilig. Hoef nie bang te wees om te sterf nie, die lam het vir hom gesterf . . . vir hom. Jy hoef nie te vrees wat jy is nie, dis wat Hy was, Hy was die Een Wat vir jou gesterf het.

76 Vind jy dan fout in Hom, dan sal ek vir jou sê hoekom jy nie genees kan word nie, maar wanneer jy geen fout in jou Offer vind nie, het God daardie Offer aanvaar. En wanneer Hy die Offer aanvaar, aanvaar Hy jou belydenis in daardie Offer, en word jy deel daarvan. Amen.

77 Ek voel nou godsdienstig, want ek weet ek het nie 'n kans gehad van die begin af nie. Maar ek het nie na myself gekyk nie, ek het gekyk na die Offerande wat vir my geoffer is, Dit was volmaak, en God het Dit alreeds aanvaar, so dan is ek nou reg,

wanneer ek sien wat Hy gedoen het, wat Hy is. Dit is nie ek nie, dis Hy; dit is nie jy nie, dis Hy.

78 Nou, God het gesê: "Dan, Abraham, om saam met My te wandel, moet jy jouself afsonder van die res van hulle."

79 God vereis 'n algehele afsondering, maar julle wil baie van die wêreld saam met julle bring. Wanneer jy inkom en die Heilige Gees ontvang, sê jy: "Wel, ek is geleer om *hierdie* te wees, en ek is geleer die dae van wonderwerke is verby," jy beter daardie ding agterlaat. Solank dit jou vashou, sal wees soos Abraham wat vertrek het met Lot en sy vader, daar was probleme in die kamp. En God het Abraham nooit geseën totdat hy homself afgesonder, en gedoen het wat God vir hom gesê het om te doen nie.

80 En jy sal nooit die Heilige Gees in die volheid ontvang nie, jy sal nooit in die Gees van God wandel totdat jy jou dinge totaal van ongeloof afsonder nie. Kom weg van die wêreld af, kom uit die wêreld uit. Ek weet julle dink ek is mal, maar as ek is, los my net uit, ek's gelukkig so. Ek sal liewer soos hierdie wees, as hoe ek was. Sien? Ek het eenmaal na my Offerande gekyk.

81 En dan, afsondering. Die wêreld wil mengers hê. O, wanneer julle julle nuwe pastoor kies, sê julle: "Ons wil daardie klein, krulkoppie hê," julle weet: "en klein, Hollywood opgesmukte soort dingetjie." Wat op die preekstoel staan en baie mooi sê: "*Amen,*" julle weet: en—en julle sal toelaat om heelnag na televisies te kyk, Woensdagaand, ook, julle vroeg uitlaat sodat ons sommige van die televisieprogramme kan sien wat julle nie behoort te sien nie, niks sal sê nie, en julle wat ou *Ware Verhaal* tydskrifte lees en vieslikheid buite op die straat, in julle kantoor ingaan en prikkelprente wat daar hang: "Wel, hy's 'n goeie kêrel, in elk geval," want hy betaal goed.

82 God wil hê julle moet afsonder, dis wat fout is met die kerk. Gaan in die kerk in en kry 'n klein, bloemryke prekie oor een of ander politikus wat aan die verkiesing gaan deelneem: "En ek hoop julle stem almal vir hom," en bang as hy enigiets sê, sal die diakens hom uitgooi. Wel, broer, hulle kan my net sowel uitgooi van die begin af, want ek glo in die preek van die Evangelie, net die byl teen die wortel van die boom te gooi. God wil afgesonderdes hê, die kerk wil mengers hê.

83 O, kêrel het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "As ons pastoor nie 'n sosiale drankie gedrink het," saam met hom nie: "sou ons hom ekskommunikeer uit die kerk."

Ek het gesê: "Dis goed dat ek nie jou pastoor is nie."

84 Geen wonder ons kan nie met God wandel nie, geen wonder ons kan nêrens kom nie, daardie dinge skeur ons geloof uitmekaar. Kom onder sulke goed uit, dis vieslikheid, dis die wêreld. "Moenie aan die onrein goed raak nie." Sonder jouself af.

85 Kêrel sê: "Ek glo nie in Goddelike genesing nie. Ek glo nie in wonderwerke nie. Ek glo nie in die doop van die Heilige Gees nie." Kom weg van hom af. Dis moeilik om te sê, maar, broer, die uur is nou te naby om—om rond te speel. Sonder jouself af. Laat ons uitgaan saam met God alleen, soos Abraham. Ons is Abraham se Saad, laat ons dit wys, wys dat ons God glo.

86 En solank Abraham vasgehou het aan twee klein dingetjies. . .Sy pappa het gesterf, het probleme gehad met die ou man totdat hy gesterf het; en toe, toe Lot, by 'n punt gekom het waar, wel, daar het 'n twis ontstaan. Dis wat fout is met die kerke vandag, ons het soveel twis oor denominasies, julle het nog nie julleself heeltemal afgesonder van die dinge van die wêreld nie. "Wel, ek behoort *hier*aan, en ek behoort *daar*aan." Maar ons behoort aan Christus. Amen.

87 So hy het gesê, toe hy gehad het. . .Lot het begin stry, hulle herders het. En kyk na Abraham, die Christen, die man van God, hy het vir die broer die—die eerste keuse gegee, hy het gesê: "Kyk jy na hierdie kant toe, oos, noord, wes en suid. As jy ooswaarts gaan, sal ek weswaarts gaan; as jy noordwaarts gaan, sal ek suidwaarts gaan. Maak net die eerste keuse." Dis hoe 'n man behoort te maak.

88 En toe, toe Lot opgekyk het, oorkant na die Jordaansvlaktes begin kyk het, het hy gesien hulle was goed benat, daar was 'n groot stad daar, Sodom, Gomorra, baie van die stede, baie gras, 'n moontlikheid om vir hom 'n paar dollars te maak, hy het dit gekies. Dis hoe baie Lot gemaak het, 'n paar dollars. Toe hy gekyk het na die waterryke laaglande, het hy nie sy vrou sien verander in 'n soutpilaar nie, het hy nie die Vuur gesien wat die stad en deel van sy kinders sou vernietig nie, het hy nie die skande gesien wat sy dogters sou doen, omdat hulle grootgemaak is in 'n klomp wêreldsheid soos waarin hulle grootgemaak is nie.

89 Dis waarna julle vandag kyk, vriende, dit hang af waarna julle kyk, soos ek nou die aand onderrig het. Ons kyk na die onsigbare, ons kyk na God se belofte, en enigiets teenstrydig daarmee te noem asof dit nie is nie, dis Abraham se Saad.

90 So Lot onderneem sy reis en gaan af na Hollywood, of een of ander groot plek, julle weet, waar hy kan, of 'n groter kerk waar hulle 'n bietjie meer klassieke mense is, julle weet, en net 'n bietjie—bietjie beter geleerde predikers, ensovoorts, julle weet. O, hy het gevoel hy sou reg wees, maar hy sou net soontoe gaan, julle sien. Toe was hy op sy pad om afvallig te raak.

91 "Wel, jy weet, as ek nie. . .as ek wegkom van Goddelike genesing, die doop van die Heilige Gees, wel, miskien sal die—die beter klas kerk my aanvaar." Daar's geen beter klas as Jesus Christus nie, Hy was die Een Wat dit geleer het. Ek sal my liewer by Hom skaar. Laat die wêreld gaan, laat elke mens se woord 'n leuen wees en Syne die waarheid wees. Skaar jou by Hom. Ek

het my by Hom geskaar een-en-dertig jaar gelede, en ek het die Evangelie vir dertig jaar gepreek, ek's nie moeg nie, ek wens ek het tienduisend lewens gehad om daarvoor te gee, want ek weet dis die waarheid. Dis reg. Raak nooit moeg nie, dit word soeter elke dag. Hy beteken nou meer vir my as wat Hy ooit het, 'want ek is nou liewer vir Hom, ek weet nou meer van Hom, van Sy genade en barmhartigheid teenoor my.

92 So dit maak geen verskil wat die ander sê nie, ek het myself om voor te antwoord voor God; en jy het jouself om voor te antwoord voor God, jou gesindheid, jou geloof, nie die geloof in jou kerk nie. Jy behoort geloof in jou kerk te hê, dis alles reg, jy behoort by jou denominasie te bly, dis alles reg, maar plaas eers jou geloof en vertroue in God, wees Abraham se kinders, nie kinders van die kerk nie. Totdat julle kinders van Abraham word! Julle sal 'n voorbeeld en 'n aanwins vir julle kerk wees.

93 So, Lot het vertrek. En toe, toe hy gemaak het . . . om daardie soort keuse te maak, die man die voordeel van die twyfel gegee. Baie van ons *sogenaamde* Christene, ons steek net in en trek vir alles wat ons kan kry, noem onsself dan kinders van Abraham. Abraham het nooit so opgetree nie. "O, ek sal 'n herlewing vir jou kom hou, 'n veldtog, as jy my vyfhonderd dollar 'n aand sal belowe." As God jou roep, gaan as jy niks behalwe 'n skop van die kerk gekry het elke aand nie. Jy behoort te gaan, in elk geval.

94 Abraham het die onvrugbare grond gevat. Maar kyk, toe hy God ten volle gehoorsaam het en homself afgesonder het van Lot, toe het die Here met hom gepraat. Sonder jouself af van die dinge van die wêreld en kyk of God nie met jou praat nie, gehoorsaam vir God. As jy in Goddelike genesing glo, aanvaar Hom as jou Geneser en stap uit daarop, kyk of God nie met jou praat nie: "Ek is die Here wat al jou krankhede genees."

95 So toe hy uitgestap het op God se belofte, kyk wat gebeur het: God het gesê: "Abraham," o, goeiste, luister hierna: "Abraham, kyk net so ver wes as wat jy kan kyk, net so ver oos, noord en suid, dis alles joune, dis alles joune."

96 "Salig is die sagmoediges," het Jesus gesê: "want hulle sal die aarde beërwe." Abraham se Saad. O, goeiste!

97 En toe: "Abraham," het Hy gesê: "moenie net daarna staan en kyk nie, loop daardeur, dis joune." Dis waarom ek nie Christene kan verstaan nie, Christus aanvaar . . . Toe ek Christus aanvaar het, het ek in die Bybel begin ingrawe, sien wat ek gehad het en Daardeur gekyk. As iemand vir my 'n huis gegee het, sou ek elke duim daarvan ondersoek, ek sou deur die spens gaan, onder in die kelder in, bo in die solder in, ek sou uitvind wat ek het. Wanneer ek 'n Christen word, wil ek weet wat ek het, waarvan ek erfgenaam is, wat vir my gegee is.

98 Party van julle stap net by die deur in, sê: "Uh-huh, dis baie gaaf. Iemand het daarin gewoon, en ek wed dit sou 'n mooi plek

daar wees." Huh! Dis joune, elke belofte is joune. Ek wil weet wat ek het.

99 Dis soos 'n groot arkade. As iemand vir my 'n groot arkade sou gee, sou ek begin rondspeel, op elke rak kyk, kyk wat ek gekry het. Dit deurkyk, *hierdie* optel, die heelpad daar deurgaan. Dis myne. Ek is daarin gedoop, so ek reken dit behoort aan my.

100 Ek is gedoop deur die Heilige Gees, dieselfde Een wat op Abraham was, het my gedoop in dieselfde Liggaam, ek's erfgenaam van elkeen van die beloftes. As iets net 'n bietjie hoog lyk, gaan kry ek vir my 'n leer, en klim daarop, en ondersoek dit, kyk hoe dit lyk. Dis hoe dit is met Goddelike genesing, lyk asof dit 'n bietjie buite my bereik is, sal ek op my knieë gaan, dis Jakob se leer, en reguit opklim in gebed, tot ek uitvind waaroor dit alles gaan, sien wat ek besit, dis myne, dis joune, dis julle almal s'n, as julle dit glo. Julle is gedoop deur die genade van God, in hierdie yslike groot arkade in wat elke verlossingsseëning daarin het, alles waarvoor Jesus gesterf het, is net hier in die liggaam van Christus, genesing, verlossing, vreugde, vrede, al hierdie dinge behoort aan julle, dis julle s'n.

101 Maar die duiwel sê: "Ag, jy moet dit nie doen nie, jy moet dit nie doen nie." Dis daardie ou nare deurwag. "Jy moenie daarin glo nie."

102 Loop reguit in, dis joune, jy het 'n pas, jy het 'n akte-uittreksel van die plek, as siekte daarin woon, het jy 'n akte-uittreksel. As jy huis toe gegaan het vanaand, en wat as daar 'n vyand in jou huis gesit het? Die vyand het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, hierdie huis is gebou vir mense, dis myne net soveel as wat dit joune is, ek's net soveel van 'n mens as wat jy is."

Jy stap reguit af na die howe, en kry jou akte-uittreksel, en wys hom: "Hierdie is my eiendom, dit behoort aan my."

"Wel," sê hulle: "ja, maar ek is net soveel van 'n mens as wat jy is."

103 As hy nie wil luister nie, kan jy die wet gaan haal, en die wet sal hom uitgooi. En jy gee die duiwel 'n waarskuwing, dat hy met sy nare self op God se eiendom gekamp het. Sjoe! Ja! As hy nie wil uitkom nie, roep net die Owerhede van die Hemel aan, God se Wetsagent, die Heilige Gees, Hy sal hom uitgooi. Ja, meneer, dis jou eiendom. Elke Goddelike belofte in die Bybel behoort aan elke Christen.

104 Wanneer jy gered word, gee God vir jou 'n tjekboek, aan die onderkant daarvan is Jesus se Naam geteken op elke tjek. Enige verlossingsseëning behoort aan jou. Is julle bang om dit in te vul? En Abraham se kinders? Is julle bang Hy sal nie die Naam van Jesus herken nie? "Wat julle ook al die Vader in My Naam vra, dit sal Ek doen." Dis die belofte. Julle is Abraham se kinders, julle is nie bang om dit in te vul nie. Die Bank van die Hemel sal die Naam van Jesus herken op enige verlossingsseëning waarvoor Sy

liggaam aan die regterhand van God sit en voorspraak maak. Dis waarvoor Hy gesterf het.

105 Nou, Abraham was 'n, sekerlik, hy was erfgenaam. Toe naderhand, het Lot in die moeilikheid beland. Nou, ons sal binne 'n oomblik afsluit. Lot het in die moeilikheid beland; en jy beland altyd in die moeilikheid wanneer jy afvallig raak, wens ons het tyd gehad om daarop te bly. Maar hy het in die moeilikheid beland. Wat het gebeur? Die vyand het gekom en hom weggevoer.

106 Nou, Abraham het weer die rol van die verlosser gespeel. Hy—hy het homself bewapen en agter die vyand aangegaan wat sy arme afvallige, verdorwe broer weggevoer het. Dis wat Jesus gedoen het, siekte het jou vasgevang, sonde het jou vasgevang, arm, afvallig en verdorwe, en Jesus het ingekom en agter jou aangegaan. En hy het gebring—hy het Lot teruggebring, Abraham het.

107 Kyk toe hy teruggekom het, het hulle 'n yslike groot jubelfees gehad, tuiskomstyd, en daar was al die konings daar om Abraham te bedank, en toe het hulle 'n ander Koning ontmoet: Melgisédek. Hy was die Koning van Salem, wat Jerusalem was, die Koning van vrede, die Koning van geregtigheid. Wie was hierdie groot Koning? Ek wil vir julle iets vra. Wie was hierdie groot Koning? Hy het geen vader gehad nie, Hy het nooit 'n moeder gehad nie, Hy het nooit 'n begin van dae of einde van lewe gehad nie. Wie was daardie Koning wat Abraham ontmoet het toe hy tuisgekom het van die slagting van die konings af?

108 En aan julle mense wat nie in tiende betaal glo nie, kyk hierna: Die Levitiese priesterskap het tiendes betaal. En die Bybel het gesê dat Levi tiendes betaal het toe hy in die lendene van Abraham was, en dit was sy oor-oorgrootjie. En toe Levi in die lendene van Abraham was, toe Abraham tiendes aan Melgisédek betaal het, het die Bybel toegereken dat Levi tiendes betaal het. Hoe behoort julle mense te lewe? As jou sondes besoek word aan die kinders, wat van jou seëninge?

109 Geen wonder, soos ek vandag gesê het, die losbandige meisie het 'n koormeisie voortgebring, wat sal die koormeisie voortbring? Waar gaan hierdie wêreld heen? Dis niks, dis net ryp vir oordeel, dis 'n groot klomp korrupsie, van sonde, van ongeloof, daar's niks oor behalwe om dit te vernietig nie. Onthou julle die ou dae van die losbandige meisies? Kyk na haar dogter; nou, wat gaan haar dogter wees? Sien? Ek sal een van hierdie aande preek oor *Saai In Die Wind En Die Warrelwind Maai*. Dis wat die nasies gedoen het, gesaai in die wind en maai die warrelwind. Ons het gesaai in sosialisme, en kommunisme gemaai.

110 Let op na Abraham, daar was hy, en hy het Melgisédek ontmoet, wat die Koning van Salem is, Koning van Jerusalem, Koning van vrede, sonder vader, sonder moeder, en let op, Hy

het Abraham geseën na die stryd verby was. Toe die stryd verby was, het Hy Abraham geseën. En let op wat hy gedoen het, Hy het wyn en brood gebring en dit vir hom gegee. Wyn en brood is die nagmaal. Hulle het Nagmaal geneem nadat die geveg verby was.

111 Sekerlik, een van hierdie dae gaan ons weer Nagmaal gebruik wanneer die stryd verby is. Wanneer ons die verlore kinders teruggebring het, die verdwaalde skape van die kudde, hulle teruggebring het tot versoening, en die lewe verby is, dan sal ons weer Nagmaal hê saam met die Melgisédek van die Hemel, Christus, Hy sal die brood en wyn bring, en ons sal dit saam geniet.

112 Nog een klein stelling, dan sal ons die gebedsry hê. Let op, net onmiddellik daarna, het Abraham gesê: "Siende dat ek kinderloos is, daar was baie jare," die 15de hoofstuk nou van Génesis: ons het gekom vanaf die 11de tot die 15de, nou in die 15de hoofstuk het Abraham gesê: "Is hierdie erfgenaam van my huis? Hierdie Eliëser hier van Damaskus, is dit my erfgenaam?

113 En God het gesê: "Nee, dis nie jou erfgenaam nie." Gesê: "Kyk af na die grond, sien hoeveel . . . hoeveel sand daar op die seestrand is; kyk dan op na die hemele en kyk hoeveel sterre daar in die hemel is, tel hulle as jy kan." Gesê: "So sal jou saad wees," *jou* saad. Sara nou omtrent tagtig, en Abraham negentig. Maar: "Jou saad sal soos die stof wees op die strand, of die sterre van die hemel." Kyk, van stof na sterre. O! Hy het gesê: "Ek gaan . . . "

Hy het gesê: "Hoe sal dit gedoen word?"

114 Nou sit net stil vir 'n oomblik, ter afsluiting. Julle mense wat siek is, en julle wat behoeftig is, julle wat in en uit is, hou hierdie bevestiging van die verbond dop. Hy het gesê: "Gaan, kry vir My 'n vers, drie jaar oud." Ek hoop julle kry dit, drie jaar oud. Drie-jaar-oue verskalf, drie-jaar-oue bokooi, en 'n drie-jaar-oue ram: Adam, die wet, Christus. Drie jaar oud, drie, daardie volmaakte drie, soos Vader, Seun, Heilige Gees. Sien, God in die Vaderskap; God, dieselfde God, in Seunskap; dieselfde God in die Heilige Gees. Drie ampte van God: Vaderskap, Seunskap, Heilige Gees; drie-jaar-oues.

115 Ons . . . My horlosie daarbo raak laat, ek het . . . wil hê hierdie gebedsry moet begin voor ons van die lug afgaan, vir die mense. En ek—ek moet opskud, sodat ek miskien môre-aand kan teruggaan en 'n bietjie hiervan kan optel.

116 Kyk, die—die vers, die bokooi en die ram, drie verskillende spesies, skoon offerandes, en 'n tortelduif en 'n jong duif, en Abraham het hierdie drie diere geneem, en hulle in twee verdeel, en hulle teen mekaar neergesit, maar die tortelduif en die duif het hy nie in twee gesny nie.

117 Môre-aand, as die Here wil, sal ons dit optel; dis Goddelike genesing wat altyd daarin is. Die bedelings verander, maar

nooit het Goddelike genesing nie, dis altyd gebaseer op jou geloof. Sien? Moenie die tortelduif of die duif, die offerande vir melaatsheid, ensovoorts, en die siekte skei nie, dis dieselfde, gebaseer op geloof, jou eie geloof.

118 Nou, en toe hy het, het Abraham, toe het hy gesê, toe hy dit gedoen het, het die voëls afgekom en begin land op die offerande, en Abraham het hulle weggejaag tot die son ondergegaan het. Nou, kyk, daar was drie elemente: 'n verskriklike duisternis het oor Abraham gekom, toe daarna, het hy 'n rokende oond gesien, toe daarna, het hy 'n aangesteekte Lamp gesien. En kyk wat dit voorgestel het, hierdie Lampie het reg tussen elkeen van daardie offerandes deurgegaan, die verbond aan Abraham bevestig, niks wat Abraham gedoen het, behalwe God se verbondsgenade, onvoorwaardelik nie. "Nie as jy sal nie, Abraham." Dis: "Wat Ek gedoen het." Nie: "As jy *dit* doen, as jy *dat* doen," nie. Dis: "Wat Ek alreeds gedoen het." Wat Hy in Christus sou wys, die offerande gewys. Net 'n oomblik sal ek daarby kom.

119 Eers, die duisternis, dood, elke mens, hulle . . . "Ja, al gaan ek deur die dal van doodskaduwee," volgende, 'n rokende oond, hel, waar elke sondaar hoort, maar daarna het 'n klein Liggie gekom. O God, genade, onuitspreeklike genade, wat die weg verlig, 'n verbond maak.

120 "Wel," sê jy: "Broer Branham, ek sien nie die verbond nie."

121 Goed, hier is dit nou, voor afsluiting, luister nou goed, as julle wil sien of dit deur genade is of nie, in Amerika wanneer ons 'n verbond met mekaar wil maak, sal ons gewoonlik uitgaan en 'n middagete eet, en dan sal ons ons ooreenkoms maak, en uitreik, en mekaar se hande skud, "Gee haar hier," sê hulle: "skud." Dis 'n verbond, ons sal ooreenkom. Is dit nie reg nie? Dis die Amerikaanse manier van ooreenkom.

122 In Japan wanneer hulle 'n verbond maak, neem hulle 'n klein soutpotjie en gooi sout op mekaar, dis 'n verbond in Japan om sout op mekaar te gooi, net soos 'n handdruk.

123 Maar in die Ooste in Abraham se tyd, hoe hulle 'n verbond gemaak het, was om 'n dier dood te maak en dit oop te sny, en die twee mans, die twee wat die ooreenkoms gemaak het, het reg tussen die verbond gestaan, tussen die dier, en hulle het 'n eed gesweer, by God, terwyl hulle hulle kontrak uitgeskryf het soos daardie, hulle het dit geskeur, goed, een het een stuk geneem en een die ander, en hulle het hulle geloftes afgelê oor hierdie dooie dier, dat as enigeen daardie eed gebreek het, hulle liggaam mag wees soos hierdie gebreekte liggaam van die dier. Dis wat God gedoen het, dis waarvoor Hy 'n verbond gemaak het.

124 Dan, wanneer hulle bymekaar gekom het, wanneer hierdie verbond vervul is, moes elke stukkie van daardie papier net perfek inmekaar pas, moes presies dieselfde maak, moes dieselfde stukkie papier wees wat afgeskeur was.

125 Nou, hier's die verbond met God met die Kerk: Hy het daar gewys wat Hy met Christus sou doen. Hy het Christus na Gólgota geneem, en daar op Gólgota, toe die aarde weer donker geword het, die weerlig geslaan en die donderweer gedreun het, het God die liggaam van Christus geneem en dit uitmekaar geskeur, die Verbond, Abraham se Saad, die groot Seun van Abraham, en dit uitmekaar geskeur, die Gees daaruit getrek, en Dit weggeneem, die Gees in die hel ingestuur om ons sondes te dra. [Leë kol op band—Red.]. . .liggaam op die derde dag, dit opgelig en dit aan die regterhand van God gesit, en die ander Stuk van die verbond, die Heilige Gees wat daar in Christus was, afgestuur op die Kerk. Halleluja! Dis reg. Daardie selfde Gees wat daar in Christus is, moet in Sy Kerk wees. Dieselfde Heilige Gees wat in Christus gewoon het, woon in ons. En wanneer die Wegraping kom, moet daardie twee stukke bymekaar kom en dieselfde Kerk wees waarvoor Christus gesterf het.

126 Al julle denominasies sal nie *dit* beteken nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.]. Julle klein verskilletjies en *ismes*, ensovoorts van dope agteroor, vooroor, op, elke manier wat julle dit wil doen, sal tot niks kom nie, Dis die Gees van die lewende God wat in die Kerk is wat Dit die geloof gee wat Abraham gehad het, daardie dinge genoem het wat nie was nie, asof hulle was, as God so gesê het. Daar's die verbond wat God gemaak het, Christus uitmekaar geskeur en Sy liggaam geneem en dit aan Sy regterkant gesit, en die ander Deel van Hom, die Heilige Gees, afgestuur na die aarde om die Kerk te doop met dieselfde geloof, hulle dieselfde geloof te gee wat Hy gehad het, dieselfde werke wat Hy gedoen het: "Dieselfde ding wat Ek doen, sal julle ook doen."

127 Hoe kan jy blind wees en dit nie sien nie? "Die werke wat. . .'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie," die Gees wat van Hom praat: "tog sal julle My sien, want Ek," persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld." Nie net vir die apostels nie, tot aan die einde van die wêreld. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen; meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader." En dan was die Heilige Gees nie net in een Persoon nie, Dis in die hele Kerk, universeel wat dieselfde werke doen wat Jesus gedoen het. Halleluja!

128 Ek daag die wêreld uit om dit te glo! En julle sal 'n herlewing deur hierdie land sien uitbreek, julle sal Goddelike genesing sien en die krag van Almagtige God. Hy's *nou* hier.

129 Jesus het daardie dag daar gestaan en hulle het die apostel Petrus na Hom toe gebring, Hy het geweet wie hy was, vir hom sy naam gesê, hom vertel waar hy vandaan was, gegaan en die dinge gedoen wat Hy gedoen het; uitgekyk oor die gehoor na 'n vrou wat Sy kleed aangeraak het, haar vertel van haar bloedvloeiing en gesê: "Jou geloof het jou gered. Hierdie dinge wat Ek doen,

sal julle ook doen." Hy het Sy hande gelê op hulle wat nie geloof gehad het nie, oorkant in Sy Eie stad waar hulle nie kon glo nie, Hy het Sy hande op hulle gelê, en tog het hulle gesond geword. Selfs te midde van ongeloof, het God steeds belowe Hy sou dit doen. Sy Gees lewe. Hy's dieselfde Jesus gister, vandag, en tot in ewigheid, daardie selfde Gees.

130 Kyk hier, soos ek nou die aand hier gepreek het, *Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie*, Jesus het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." En as die eerste loot wat uit daardie Wynstok gekom het, 'n Pinksterloot was, sal die tweede loot 'n Pinksterloot moet wees. As die eerste loot 'n Boek van Handelinge geskryf het, sal die tweede loot lewe sodat daar 'n Boek van Handelinge kan wees. Dieselfde Lewe wat in die eerste loot uit die Wynstok was, die Wynstok soos dit uitgaan, bring dieselfde soort loot voort elke keer. Die Gees van Christus is in die Kerk; Abraham se kinders sal die belofte van God die waarheid noem.

131 As julle dit nie glo nie, glo ek nie daar is enige hoop vir julle, binne en buite nie. Die Gees van God is hier. Ek glo dit net so plegtig as—as wat ek glo dat daar is . . . dat ons mense is. Glo julle dit?

132 Abraham se kinders, julle mense daarbuite sonder julle gebedskaartjie wat Abraham se kinders is, ek bely dat die Engel van die Here gekom en 'n gawe aan my bedien het.

133 Voor ons hierdie gebedsry begin, want ons gaan net bid vir hulle wat die kaartjies het, kyk julle sonder kaartjies hiernatoe, en sê: "Jesus, is dit die waarheid? As dit is, praat met my. Draai daardie man om en spreek my probleem soos U het met die vrou wat Sy kleed aangeraak het." Want die Bybel het gesê Hy's 'n Hoëpriester net nou, die ander deel van die verbond, wat sit aan die regterhand van God, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Kyk en lewe. Glo julle dit? Sal dit julle laat glo? Dan iewers in hierdie rigting, glo dit. Ek vertrou God.

134 En, Here God, U ken my—my doelwit, U ken my motief. En ek bid dat U iets sal skenk dat die mense, voor hulle in hierdie gebedsry inkom, mag sien dat ek hulle die waarheid vertel het. Ek het die beste gedoen wat ek weet hoe deur die Woord van God.

135 Nou maak dit werklik, Here, dat U Seun, Jesus, daardie Gees wat op Hom was, wat uit Sy liggaam uitgeskeur was op die dag van die kruisiging, teruggestuur is en al hier is van Pinkster af om die Kerk te laat voortgaan met dieselfde werk; dieselfde Gees in 'n ander liggaam sou dieselfde werke doen wat Dit in die eerste liggaam gedoen het. Sekerlik. Here, ons glo U. Laat dit so wees, in Jesus' Naam.

136 Hoeveel van julle is siek en het nie 'n gebedskaartjie nie? Steek julle hande op, in hierdie rigting.

137 Daar's 'n man wat reg daaragter op die punt sit met sy hand op. Ek ken jou nie, meneer, ken ek? God ken jou. Is dit reg? Glo jy dat God vir my kan sê wat jou probleem is, sal jy my glo? Dan sal jou prostaatprobleem jou verlaat. Glo jy God sal jou genees? Goed, steek jou hand op as jy dit doen. Goed, gaan huis toe, wees gesond.

138 Daar's nog 'n persoon reg onder aan daardie kant iewers wat hulle hand opgesteek het, daaronder. Daardie dame, glo jy God genees daardie kanker en neem dit weg van jou? Jy het nie enige gebedskaartjie nie, maar jy het kanker. Is dit reg? Ek ken jou nie, het jou nog nooit in my lewe gesien nie. As dit die waarheid is, steek jou hand op. Goed, gaan nou huis toe en word gesond.

139 Wat het sy aangeraak? Sy het daardie Hoëpriester aangeraak wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

140 Hier reg agter, reg agter in die gehoor hier, sit daar 'n klein seuntjie, 'n klein kindjie wat daaragter sit wat probleme het met sy oë, wat geopereer gaan word. Staan op, outjie. In die Naam van die Here Jesus, laat dit opstaan daar, moeder, en prys die Here, en glo dat God dit sal gesond maak, en dit sal.

141 Die baba het op die vloer gelê, maar tog openbaar die Engel van die Here dit. En daar's die kind nou daar. Halleluja! Ek ken nie die mense nie. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie? Goed. God is hier om te genees. Glo julle dit? Amen. "As julle kan glo!"

142 Net hier, wat net hier sit, jy het 'n nierprobleem, die man, vreemd, baie erg nierprobleem, veral die dokters het jou opgegee, daar's geen hoop nie. Is dit reg? As dit reg is, steek jou hand op. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie. Glo jy God ken jou? Glo jy Hy kan my iets anders van jou vertel? Jy's nie van hierdie stad nie, jy's van Bakersfield. As dit reg is, wuif jou hand soos *dié*. Goed, dis reg. Gaan huis toe en word gesond. Dokters is verkeerd.

143 As jy daardie dinge kan noem wat is asof hulle nie is nie, glo God en God sal daarvoor sorg. Wat is dit? Dis die ander deel van die verbond. Die Heilige Gees wat op Jesus Christus was, is hier in die kerk. Amen. Glo julle dit?

144 Hoeveel van julle het nou gebedskaartjies? Hierdie gaan nie onderskeiding wees nie, ek's moeg, ek het heeldag hierbinne gepreek, ensovoorts, ek wou net hê julle moet weet dat die Heilige Gees hier is. Hoeveel het gebedskaartjies? Steek julle hand op. Nou, saggies, vorm 'n gebedsry net hier oorkant en maak gereed om in die gebedsry te kom vir gebed terwyl ons bid, die res van julle. Almal wat gebedskaartjies het, staan, eerbiediglik, teen die muur. Die plekaanwysers gaan soontoe om hulle te help, en ons wil elke gebedskaartjie opneem wat ons het.

145 As jy nie glo nie, moenie in die ry kom nie. As jy onbelyde sondes het, moenie in die ry kom voordat jy hulle bely en hulle regmaak nie, want jy sal net jouself seermaak. Gebedskaartjies L en K, die seun sê dat dit dié is wat nog uit is. Ons wil hê almal

van julle moet julleself in ’n ry laat staan daarbinne, en ons sal net begin bid vir die siekes.

146 Nou, aan julle in radioland, dit mag vir julle baie vreemd lyk, maar ek—ek hou partymaal daarvan om net soort van die mense te paai, maar daar kom ’n tyd, en dit is nou, waar hulle moet weet wat die waarheid is. Die mense vergeet wie hulle is, jy’s nie net ’n gewone persoon nie, jy’s ’n Christen. Julle is seuns en dogters van God deur die genade van God. Waarom moet jy in die toestand wees waarin jy is? Waarom sou jy twyfel en verbouereerdhede hê?

147 Sê, daardie dame daar met die rolstoel, wat julle afbeweeg, julle hoef haar nie soontoe te neem nie, bring haar reguit hiernatoe en ek sal reguit afkom, vir haar bid, sekerlik. Al daardie mense wat rolstoele het of *so-iets*, enige tyd wat jy voor gebid wil word, wel, laat hulle net weet. As jy ’n kaartjie het, of, as jy nie ’n kaartjie het nie, julle rolstoelgevalle, sit net stil, ek sal afkom en vir julle bid, maak nie vir my saak nie.

148 Dis net die idee, as julle kan. . .Ek genees nie mense nie, ek bid net vir mense. Hoeveel verstaan dit? Ek bid net vir mense. Ek het geen gawes om mense te genees nie, ek is net opdrag gegee om vir mense te bid, dis ’n. . . en God het dit geëer. Waarom ek dink Hy dit gedoen het, omdat ek eerlik was met julle. Ek kom nie vir geld nie, ek kom nie vir roem nie, ek vermy al daardie dinge, ek het gekom om julle broer te wees, om julle die verlossingsseëninge te vertel wat Jesus Christus vir julle gekoop het, en dis julle s’n.

149 Nou, julle in radioland, want ek. . .miskien sal hulle—sal hulle van die lug afgaan binne ’n paar oomblikke, ek wil vir julle bid buite in radioland terwyl hulle die gebedsry gereed maak. Nou, julle in die hospitale, daar’s honderde mense hierbinne vanaand, en hulle is Christene en hulle is gelowiges, en hulle—hulle is gesalf met die Gees, en hierdie groot deel van die Liggaam van Christus gaan vir julle bid daarbuite in radioland. Maak nie saak wat verkeerd is met jou nie, aanvaar Christus nou net as jou Geneser terwyl ons bid. En skryf dan hier aan die Angelus Tempel, en sê vir Dr. Rolf McPherson, of—of Dr. Duffield, of skryf dit net aan die Angelus Tempel en sê vir hulle wat die Here vir jou gedoen het.

150 En as jy ’n sondaar is, aanvaar Jesus nou as jou persoonlike Verlosser. As jy nie wedergebore is nie, nie die Heilige Gees ontvang het nie, en jy het hulp nodig in daardie verband, kom hier na die tempel toe, wel, daar’s mans hier wat in hierdie tempel gewoon het vir dertig jaar, mense onderrig het, wat weet wat om te doen. Hoe. . .En hulle sal. . .Dis een van die. . .sê dit nie. . . Ek word nie—word nie gevra om dit te sê nie, maar een van die beste groepe mans, goeie Christenwerkers, eerlik, opreg, ware mense van God. Ek het om die wêreld gereis en ek het nog nooit

enige beter mense ontmoet as wat ek net hier by hierdie Angelus Tempel ontmoet het nie, en ek sal dit beslis aanbeveel vir julle, as julle hiernatoe sal kom. Julle sal nie deurmekaar raak met fanatisme nie, julle sal 'n standvastige Evangelie kerk hê wat die waarheid glo, wat staan vir die waarheid. En ons nooi julle uit om te kom, en ons sal bly wees om julle te help.

151 Nou, as julle siek en beproef is in die radioland, buig nou julle hoofde terwyl ons bid; en hierdie hele gehoor buig julle hoof, bid vir die mense. Daar's honderde en honderde mense hier vanaand, radioland, wat vir julle bid, God sal sekerlik gebed antwoord.

152 O Here, miskien raak ons 'n bietjie opgewonde of 'n bietjie emosioneel wanneer ons begin dink aan die goeie dinge van God. En hoe seker is ons dat ons dit geërf het, omdat Christus dit vir ons gegee het! En ons het die getuienis van Sy Gees in ons harte en die vrugte van ons lewe dat ons die broers liefhet, dat ons oorgegaan het uit die dood in die Lewe. En ons weet dat eendag wanneer hierdie lewe van die aarde klaar is, ons sal gaan om by Hom te wees. Dis ons hartsbegeerte is om Hom te sien en te kyk na die Een wat ons nog nie gesien het nie, maar net Sy Teenwoordigheid deur Sy Gees sien beweeg het, optree, die dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was.

153 Here, kyk uit oor die uitsaaigebied van hierdie radiogolf nou, oor hierdie etergolwe, ons bid, Here, dat U in die huis sal inkom, en na die hospitale toe, en na hulle toe wat aan die beddens gekluister is, en—en na die verlamdes, en na die kranksinnige plekke, en—en die hospitale van senuweeagtigheid toe waar die sielkundiges soveel gedoen het dat hulle behandelings nodig het, Here, wees hierdie senuweeagtige, neurotiese wêreld genadig. En ek bid dat U Gees daar sal uitbeweeg en elkeen sal genees. Skenk dit, Here. As hulle nie hier teenwoordig kon wees nie, laat hulle weet dat U daar is. U het na die maag van 'n walvis toe gekom vir 'n man, in die vuuroond in vir een, uitgegaan in die doderyke in en een teruggeroep na die lewe nadat hy vier dae dood was. U is God en die uur kom wanneer almal wat in die graf is die Stem van die Seun van God sal hoor en sal uitkom.

154 Here, laat hulle nou weet dat U hulle liefhet en U hulle gaan genees. Aanvaar my nederige uitroep vir hulle, my simpatie vir hulle. En deur geloof plaas ek die Bloed van Jesus Christus, die Seun van God, tussen elke persoon en hulle siekte, en vra, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, dat hulle siektes en beproewing hulle verlaat. Amen.

155 Die Here seën julle. En daarbuite in radioland, skryf nou julle getuienis in, en laat ons van julle hoor dat julle genees is, want die Bybel het gesê: "Hulle oorwin deur hulle getuienis en die Bloed van die Lam."

156 Die Here seën julle ryklik nou. Ons hoop om julle môre-aand te sien, as julle na die tempel toe kan kom, ons sal voortgaan in Abraham se lewe in, verder tot Vrydagaand. Die Here seën julle.

157 Goed, nou gaan ons die gebedsry hier in die tempel begin, en ek wil hê elke persoon hierbinne wat sal belowe om vir hierdie siek mense te bid, steek julle hande op. Nou, hoe kan God hulle weier? Hy kan dit net nie doen nie, honderde en honderde toegewyde kinders. Hoeveel in die radio, of, in die sigbare gehoor hier nou, ons is van die radio af, maar hoeveel hier is wedergebore? Steek julle hande op. Hoe kan God dit weier? Hy kan dit nie doen nie.

158 Nou wil ek hê almal moet julle hoof buig en saam met my bid terwyl ek vir hierdie mense bid.

Goed, kom, suster.

Ewige God, stuur U seëninge, en liefde, en genesingskrag op ons suster vir haar genesing. In Jesus' Naam. Amen.

Nou gaan blymoedig soos Abraham se dogter.

Here, in die Naam van Jesus Christus, as 'n Saad van Abraham, deur Jesus Christus, lê ek hande op ons suster vir haar genesing. Amen.

Here, ek lê my hand op my broer, soos ek bely om te wees die, in die verbond met Christus, as die Saad van Abraham, vra ek dat sy genesing kom, deur Jesus' Naam. Amen.

Nou begin net juig soos julle die platvorm verlaat. Tree op soos Abraham se kinders.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie ons suster. Amen.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie, ons suster. Amen.

Is julle. . . julle gehoor daar? Sien?

159 Broer Gordon Lindsay, ons is geëerd om hom te hê, en Broer Culpepper, dink ek, vanaand, wat daar sit. Broer Lindsay het my eenkeer gevra: "Broer Branham, hê net onderskeiding vir een of twee, en laat die res van hulle dan deurgaan." Ek kon dit nie toe doen nie, my nuwe bediening laat dit gebeur. Sien? Maar as jy nie, stop, met die mense praat nie. . . En dis net wat my doodmaak. Sien? Ek het diegene hierbuite in die gehoor probeer kry wat—wat nie gebedskaartjies gehad het nie, iemand wat—wat nie. . . wat nie gebedskaartjies het nie, en so daarom, sal hierdie hierop voor gebid word, daardie sal nie, sien, net sodat julle sal sien.

160 Nou, soos hierdie vrou, ek weet wat verkeerd is met daardie vrou. Glo julle dit? Laat ek vir julle iets wys: Hierdie vrou ly aan senuweeagtigheid. Is dit nie reg nie? As dit reg is, steek jou hand op. Sien? Daar gaan nie een van julle hier verby, wat Dit—Dit my nie wys nie. Maar ek net. . . As ek begin stop vir daardie visioene,

dan begin dit my net beweeg, julle sien, en dan kan ek nie by almal van hulle uitkom nie.

161 Maar moenie deurkom en sê: [Broer Branham illustreer—Red.] "Ek's 'n seun van Abraham," nie. Kom deur en sê: "Ek gaan nie verby William Branham nie, ek gaan nie verby hierdie predikers nie, ek gaan by die kruis verby met 'n belofte. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, Jesus Christus het so gesê." Sodra julle hier verbygaan: "Dit vervul dit. Dankie, Here!" Amen. "Dankie, Here!" Môre: "Dankie, Here!" Volgende dag: "Dankie, Here!" Volgende dag: "Dankie, Here!" 'n Jaar van nou af: "Dankie, Here!" Dis reg.

God seën jou, suster. Gaan en word genees, in die Naam van Jesus Christus.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees ons suster.

162 Glo dit!

163 Suster, kyk hier, glo jy daardie rugprobleem het jou verlaat toe jy daaronder in die gebedsry gestaan het? As jy glo, gaan blymoedig op jou pad, sê: "Dankie." Goed.

164 Kom, suster, glo. Jy gaan nooit kreupel word as jy Jesus sal glo nie. Glo jy Hy sal jou genees van die artritis? In die Naam van Jesus Christus, gaan en word genees. Amen.

165 Kom. Hier's 'n vrou wat gekom het met 'n skaduwee oor haar, sy is sterwend, daardie vrou het kanker. Dis reg, is dit nie, dame? Sien? Jy het gehad, jy het nie nou nie. Gaan net en juig en sê: "Dankie, Here!" Goed.

Here God, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

166 Kyk, vriende, wanneer die . . . wanneer Hy hier verbygaan, glo ek dit, ek weet nie of julle dit doen of nie. Daardie duiwel kan nie bly terwyl jy deur hierdie geloof gaan nie, en as hy weggaan, hou aan juig, hou hom weg.

In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees, Here. Skenk dit, Here.

O Here God, skenk die genesing van hierdie man in die Naam van Jesus Christus.

"Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

Here, ek doen dit, in die Naam van Jesus. Amen.

Ek lê hande op die kind en op die moeder, in die Naam van Jesus.

Ek lê hande op die suster, in die Naam van Jesus Christus.

"Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

In die Naam van Jesus Christus, mag hulle genees word, Here. Amen.

In die Naam van die Here Jesus Christus, mag hulle genees word, Vader.

God seën hierdie dogtertjie en genees haar, Vader, in die Naam van Jesus.

God seën die vrou en genees haar in die Naam van Jesus.

Kom, suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag hulle genees word. Skenk dit, Vader, tot U eer. Amen.

167 Onthou julle nou die aand, daardie jong, gekleurde meisie wat hier van die platvorm afgekom het? Sy het dit nooit gesnap totdat sy net *daar* gekom het nie, toe het die Heilige Gees reguit omgedraai en haar teruggeroep en vir haar gesê. . . Onthou julle wat dit alles was? Die meisie is absoluut, volkome genees net daar waar sy gestaan het.

Glo jy? Daardie hartprobleem sal jou nie doodmaak nie. Gaan blymoedig, sê: "Dankie, Here Jesus." Amen.

Kom.

In die Naam van die Here Jesus, mag die vrou genees word. Amen.

Kom, suster.

Here God, ons lê hande op haar terwyl hierdie groot kerk bid, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing.

Vader God, ons lê hande op ons broer, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Vader God, ons omhels hierdie seuntjie, in die Naam van Jesus, laat hom genees word.

God, ons vra vir die genesing van ons suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Vader God, ons bid vir haar versoek van haar vader, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Here, ons bid vir ons suster. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Vader God, ons bid vir ons suster. In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word.

Almagtige God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

168 Here God, ons bid nou dat U hierdie vrou se toestand sal begryp en haar sal genees soos sy deurkom, in Jesus' Naam.

169 Glo jy dit? Jy's altyd bang dit sal jou kreupel maak. Sien? Artritis. Jy's bang dit sal. Jy met 'n stok op die straat sal moet tik, maar jy sal dit nie nou hoef te doen as jy net juig nie, jy's 'n dogter van Abraham, glo dit. Goed.

170 Glo jy, suster? Glo jy jy kan nou gaan eet? Glo jou maagprobleem is verby? Goed, gaan voort. Dis reg. En God seën jou. Amen.

Kom suster.

O Here, ek bid dat U ons suster sal genees. In Jesus' Naam, skenk dit.

Kom.

O Vader God, ons bid dat U ons broer sal genees en hom gesond sal maak. In Jesus' Naam. Amen. Amen.

Here, ons bid dat U hierdie ons broer sal genees, in Jesus' Naam.

Jy daaragter, wat bid vir daardie prediker wat kanker het, moenie bekommerd wees nie, hy sal reg wees.

In die Naam van die Here Jesus Christus, bid ek dat U hierdie persoon sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

Here God, ek bid dat U ons broer sal genees en hom gesond sal maak, in Jesus' Naam. Skenk dit, Here.

Kom.

Here, genees haar, neem hierdie rugprobleem weg en maak haar gesond. In Jesus' Naam, bid ons. Amen.

O Vader God, ek bid dat U ons suster sal genees. In die Naam van Jesus Christus, lê ek hande op haar.

Goed.

Here, ek bid dat U haar sal genees en aan haar hierdie dinge sal herstel waarmee Satan haar seergemaak het. In Jesus' Naam. Amen.

Kom, broer.

O Here, ek bid dat U hierdie klein, kreupel mannetjie sal genees en mag hy gesond word. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou, broer.

Here God, ek bid vir ons suster, in die Naam van Jesus Christus, mag sy gesond word. Amen.

As jy nie kan nie, laat die man net daar kom en op die bed sit, ek sal hom bring. . . Ek sal kom, vir hom bid, suster. Kom reguit vorentoe, dierbare suster. Goed.

171 Julle mense wat op beddens en draagbare is, terwyl hulle in die gebedsry wag, sal ek reguit afkom, nou vir julle bid.

[Broer Branham bid vir diegene op beddens en draagbare, sy woorde is onherkenbaar—Red.] . . . ? . . . Prys die Here! Prys die Here!

O, Here God, gee dat hierdie man sal loop en daardie kierie neergooi en verheug wegstap, in Jesus' Naam.

O, Here God, ek bid dat U hierdie vroutjie sal genees en haar sal gesond maak, in die Naam van Jesus Christus. Skenk dit, Here.

172 Kom, suster. Glo God, hartprobleme sal weg wees en jy sal gesond gemaak word.

173 In die Naam van Jesus Christus, skenk dit, Here.

174 God seën jou, suster. Die artritis sal jou verlaat as jy dit sal glo.

175 In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees.

Kom, my dierbare suster.

In die Naam van die Here Jesus, lê ek hande op haar en vra vir haar genesing.

176 Kom nou. Kom, suster. Is jy bang vir doodgaan? Maar dis net jou hart wat jou pla.

177 Here God, ek bid dat U haar sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

Kom, dierbare suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

Kom, my broer.

Here God, in die Naam van Jesus Christus, laat my broer gesond gemaak word tot U eer. Amen. Skenk dit, Here.

178 Goed, kom, suster. Jy's word al vir 'n lang tyd met daardie senuwees gepla, dit het jou baie ontsteld gemaak, glo jy nou.

179 Here God, mag hierdie aanval haar verlaat vanaand, in die Naam van Jesus Christus, mag sy gaan en gesond gemaak word.

Kom, dierbare suster. Was kreupel vir 'n lang tyd, maar glo nou.

In die Naam van Jesus, mag Hy jou genees. Amen.

God seën hierdie vrou en genees haar, in die Naam van die Here Jesus. Amen.

Kom, dierbare suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy gesond gemaak word.

In die Naam van Christus, bid ek dat U hierdie vrou sal genees terwyl hierdie groot kerk bid, in die Naam van Jesus Christus.

In die Naam van Jesus Christus, genees hierdie seuntjie, Here, en maak hom gesond.

In die Naam van die Here Jesus, bid ek vir die vrou, dat U haar sal genees.

Here God, ek bid vir suster, dat U haar sal genees. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

180 Wil jy gaan eet? Gaan voort, eet dan jou aandete, in die Naam van Jesus Christus. Amen. Dis wat jy wou hê ek vir jou moes sê. Dis reg. Gaan eet.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word.

Here God, ek bid dat U hierdie vrou sal genees, in Jesus' Naam.

God seën hierdie dametjie en genees haar, in Jesus' Naam.

Genees hierdie sustertjie, Here, in Jesus' Naam.

Ek bid vir hierdie vrou, ek bid dat U haar sal genees en daardie geliefde van haar, ook, Here. Maak hulle gesond. In die Naam van Jesus. Amen.

God seën ons broer en genees hom, in Jesus' Naam.

Here, seën ons suster en genees haar. Doen dit, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

181 Halleluja! Halleluja! Lofprysinge aan die Here God! Hy wat. . .Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid! Sy almagtige krag is hier, Sy alomteenwoordigheid. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

182 Wie wil Hom ontvang en jou genesing glo? Hoeveel van julle kinders van Abraham glo Hom? Staan op julle voete. Amen. Staan op jou voete, sê ek. In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing! Steek julle hande op na Hom, julle môresterre, julle seuns en dogters van Abraham. Noem enigiets teenstrydig asof dit nie is nie, Jesus Christus maak julle gesond. Steek julle hande op en prys Hom en gee Hom eer, al julle mense, want Hy's teenwoordig.

59-0415E Die Geloof Van Abraham
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org